education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRHL.2

AFRIKAANS HUISTAAL V2

FEBRUARIE/MAART 2010

PUNTE: 80

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.

OGGENDSESSIE

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

5. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou met jou keuses te help.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: ongeveer 40 minute
   AFDELING B: ongeveer 55 minute
   AFDELING C: ongeveer 55 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

AFDELING A: GEDIGTE **Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**		
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**PUNTE**
1 Onderwyser	Opstelvraag	10 punte
	OF	
2 Voor 'n onbekende môre	Kontekstuele vraag	10 punte
	OF	
3 Herinneringe	Kontekstuele vraag	10 punte
	OF	
4 Versagtende omstandighede	Kontekstuele vraag	10 punte
	EN	
Ongesiene gedig: Beantwoord EEN vraag.		
5 Om te dink	Kontekstuele vraag	10 punte
	OF	
6 Om te dink	Opstelvraag	10 punte
AFDELING B: ROMAN **Beantwoord EEN vraag.**		
7 Die kwart-voor-sewe-lelie	Opstelvraag	25 punte
	OF	
8 Die kwart-voor-sewe-lelie	Kontekstuele vraag	25 punte
	OF	
9 Manaka Plek van die Horings	Opstelvraag	25 punte
	OF	
10 Manaka Plek van die Horings	Kontekstuele vraag	25 punte
	OF	
11 Vatmaar	Opstelvraag	25 punte
	OF	
12 Vatmaar	Kontekstuele vraag	25 punte
AFDELING C: DRAMA **Beantwoord EEN vraag.**		
13 Krismis van Map Jacobs	Opstelvraag	25 punte
	OF	
14 Krismis van Map Jacobs	Kontekstuele vraag	25 punte
	OF	
15 Mis	Opstelvraag	25 punte
	OF	
16 Mis	Kontekstuele vraag	25 punte

LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en C.

KONTROLELYS

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAG-NOMMER	GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD	MERK ✓
A: Gedigte (Voorgeskrewe Gedigte)	1 – 4	2	
A: Gedigte (Ongesiene Gedig)	5 – 6	1	
B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag)	7 – 12	1	
C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag)	13 – 16	1	
LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en C.			

AFDELING A: GEDIGTE

VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Onderwyser – Antjie Krog

Jy staan voor ons in die klas
By jou tafel, by jou moedertaal
By jou boeke, jou hoedjie en jou tas
Jy staan voor ons soos ’n klein Jericho
En al het jy mure om jou gebou
Dra jy tande van silwer en goud
En al het jy wagters in al jou torings
Bly daar ’n Ragab in jou

Tog bly jy sterk,
Al trek ons elke dag óm jou
Met die ark van die jeug op ons skouers,
Met trompette van ligsinnigheid voor ons monde

Tog bly jy werk,
Al krummel jou mure op die sewende dag
Al val jy vooroor op die aarde
Jy sal nie kla oor jou lot
Want Malherbe is jou here en
Totius jou god

[Uit: *Dogter van Jefta*, 1970]

Hierdie gedig handel oor spanningsvolle klaskamersituasies wat tussen ’n onderwyser en leerders afspeel.

Skryf ’n opstel van 250 – 300 woorde waarin jy bespreek hoe hierdie spanning uitgebeeld word deur na die volgende te verwys:

- Hoe die onderwyser se uiterlike deur middel van woorde geskets word
- Die gebruik van voornaamwoorde
- Die gebruik van herhalings
- Die ingesteldheid van die leerders
- Die deurlopende Bybelse metafore **[10]**

OF

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Voor ’n onbekende môre – Mathews Phosa

Boys and girls are back

Wees beskeie in julle oorwinning:
dit is julle kans
om te maak of te breek

Kies julle kant:
jy kan nie alles wees
vir vis én vark nie.

Groei saam in die gees,
help droom ’n visie.
Swoeg is die toekomssaad.

En julle wat julself leiers noem,
maak toe julle monde
en open julle ore.

Voorwaarts –
sonder vrees of valsheid!

[Uit: *Deur die oog van ’n naald*, 1996]

2.1 Verklaar die titel van die gedig. (1)

2.2 Na wie verwys “*Boys and girls*” in die subtitel? (1)

2.3 Van watter oorwinning is daar in reël 1 sprake? (1)

2.4 Die uitdrukking “maak of breek” word in reël 3 gewysig.

Verduidelik die funksie van die wysiging. (1)

2.5 Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van reël 4? (1)

2.6 “Kies julle kant” (reël 4).

Wat bedoel die spreker met dié frase? (1)

2.7 Met watter ander woord in strofe 3 kontrasteer “swoeg” (reël 9)? (1)

2.8 Verduidelik die metafoor in reël 9. (1)

2.9 Sê in jou eie woorde watter raad in strofe 4 direk aan die leiers gegee word? (1)

2.10 Noem ’n verstegniese middel waardeur die slotstrofe uitgehef word. (1)

[10]

OF

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Herinneringe – Koos du Plessis

Jou beeld is 'n verflenterde foto
in 'n skewe, versplinterde raam
en 'n sestal geskommelde letters
spel jou tweelettergrepige naam.

Jou woorde is dor manuskripte
vir die motte bewaar op die rak
en ons dae 'n kralesnoer syfers
op 'n outydse muuralmanak.

Jou oë was die kleur van die aarde,
van saffier, van smarag of agaat,
en jou stem 'n ontwykende deuntjie
gevange in 'n stukkende plaat.

vergete is die lag in jou oë
of die tranespoor oor jou wang,
maar soms in die nanag onthou ek
hoe diep ek na jou kon verlang.

Want wat ek vir altyd wou vashou,
het die tyd uit my hande laat gly
en wat ek so graag wou vergeet het,
is vir ewig gebalsem in my.

[Uit: *Om jou verlaas te groet*, 1965]

3.1 Na wie verwys "Jou" in reël 1? (1)

3.2 Gee 'n bewys uit reël 1 – 3 dat die herinneringe onvolledig is. (1)

3.3 Dui die tydsprogressie vanaf strofe 1 tot strofe 3 aan. (1)

3.4 Wat noem ons 'n strofe wat uit vier reëls bestaan? (1)

3.5 Noem die rymskema en sê wat die funksie daarvan is. (2)

3.6 Alhoewel die spreker se herinneringe volgens strofe 3 nie meer so duidelik is nie, is die aangesprokene tog baie belangrik.

Motiveer hierdie stelling. (1)

3.7 In strofe 4 is daar voorbeelde van kontras.

Gee EEN voorbeeld van kontras. (2)

3.8 Wat word bedoel met die woord "gebalsem" in die slotstrofe? (1)

[10]

OF

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Versagtende omstandighede – Peter Snyders

Oe Here, ek hoor dis so wonnerlik
innie hiemel,
maa Here, vergiewe,
die hiemel issie my soort liewe,
ek hou van sing en harpmusiek
maa ek sal lugsiek kry as ek moet vlieg.

En Here, dit sal hel vi my wies
om met niks-doen myself elke dag te vervies;
en sover dit die goudstrate
en pearly gates betref,
wat baat dit?
Klip en teer is veels meer werd.

Maa Here, hou my baas asseblief tog daa
want waa hy nie kan exploit nie
is hy tog te naar;
en hou hom dop want sonner om te aarsel
sal hy stilletjies, agteraf, die engeltjies martel.

Ja, Here, ekket my foutjies oek
en waar amil perfek is
sal ek heeldag vloek,
want volle perfection en contentment
sal my torture tot binne-in my fonnement.

En dan boenop hoor ek
seks is yt –
soe stuur my aire hel toe
of waar ek my talent kan gebryk.
En as ek te goed is
om gebraai te word
laat my lieweste trug kom, Lord

as kunstenaar na ’n land
in ’n historiese tyd –
soes Suid-Afrika,
waar ek kan teer
op ’n tesamebeleid.

En tussen die revolutions
(hou my aanie underdog se kant)
sorg dat ek by Florrie
(vroeër mevrou Soetwater)
voorit te laat is, beland.

Laat my dan liewer hier
oppie aarde ly
as om vir iewag in u
grafstienhiemel te bly.

[Uit: *’n Waarskynlike mens*, 1992]

4.1 Lees weer die titel.

Onder watter omstandighede sal ’n mens gewoonlik hierdie woorde gebruik? (1)

4.2 Die gedig is in Kaapse Afrikaans geskryf.

Noem die funksie van hierdie taalgebruik. (1)

4.3 Identifiseer die stylfiguur as reël 2 met reël 7 vergelyk word. (1)

4.4 Verduidelik in jou eie woorde waarom klip en teer vir die spreker meer werd is as goudstrate. (1)

4.5 In reël 18 word die woord “foutjies” gebruik.

Dui die funksie van die verkleining aan. (1)

4.6 Lees weer reël 27 – 29.

Waarvoor, volgens dié reëls, wens die spreker? (1)

4.7 Waarop sinspeel die spreker in reël 30 – 34? (2)

4.8 Dui die funksie van die aandagstreep in reël 31 aan. (1)

4.9 Verduidelik die ironie in die slotstrofe. (1)
[10]

EN

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Om te dink – Henning Pieterse

dat donkies dom diere is
heet dwase dikwels so
hoëlui doop hul donkies esels
wat darem deur kruising
pronk met perdebloed

as langoor dan vir Jesus
in Jerusalem presies kon
dra
waar God hom
vra
moet man en muis mos hulde bring:
o, die donkie is 'n wonderlike ding!

[Opgeneem in: *Woordreise*, Nasou 2004]

5.1 Gee 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 1. (1)

5.2 Is daar, volgens strofe 1, 'n verskil tussen "donkies" en "esels"?

Motiveer jou antwoord. (2)

5.3 Watter ironie is opgesluit in die esels se "pronk met perdebloed"? (2)

5.4 Wat is die funksie van die alleenplasing in reël 8 en 10? (2)

5.5 Verklaar "man en muis" en "hulde bring" in reël 11. (2)

5.6 Intertekstualiteit kom in die slotreël voor.

Waaruit word daar in hierdie reël van die gedig aangehaal? (1)
[10]

OF

VRAAG 6: OPSTELVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Om te dink – Henning Pieterse

dat donkies dom diere is
heet dwase dikwels so
hoëlui doop hul donkies esels
wat darem deur kruising
pronk met perdebloed

as langoor dan vir Jesus
in Jerusalem presies kon
dra
waar God hom
vra
moet man en muis mos hulde bring:
o, die donkie is 'n wonderlike ding!

[Opgeneem in: *Woordreise*, Nasou 2004]

Die gedig dwing die leser om anders te dink oor die rol van die donkie.

Bespreek in 'n opstel van 250 – 300 woorde hoe hierdie boodskap oorgedra word deur na die volgende te verwys:

- Verkeerde opvatting oor donkies
- Gebruik van alliterasie
- Idiomatiese taalgebruik
- Intertekstualiteit
- Opvatting oor donkies in 'n nuwe perspektief **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die ROMAN wat julle in die klas behandel het.

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Voor Iris se ontmoeting met Peter het sy verskeie fantasiekarakters geskep om die werklikheid te ontvlug. Na haar ontmoeting met Peter is die werklikheid vir haar interessanter, verdwyn haar fantasiekarakters en ontwikkel sy ook as karakter.

Skryf 'n opstel van 400 – 450 woorde oor die stelling en verwys in jou antwoord na die volgende aspekte:

- Die redes waarom Iris 'n fantasiewêreld skep.
- Verskeie fantasiekarakters soos:
  - Richard
  - Eduard
  - Greta en Peter
- Peter wat deel van die werklikheid is.
- Jou mening of Iris as karakter ontwikkel het. **[25]**

OF

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die uittreksel op die volgende bladsy aandagtig deur en beantwoord dan die vrae daarna.

Hy het breed geglimlag en ek moes toegee, hy het baie goeie tande gehad. “My suster is ook Iris.”
“Daar het jy dit dan,” het ek voldaan gesê. “En waar is jou taxi?”
Hy het sy hand geswaai in die rigting van ’n ry geparkeerde geel taxi’s. “Dis my etensuur.”
“Is dit al so laat?” Ek het na my horlosie geloer. “Sowaar. Jy sien, my ouma het haar eie spesiale Engel gehad en ek het die gevoel die man is nou by my. Saamgevlieg, blykbaar.”
Billy het sy oë gerol. “Uh-huh.”
“Dis dié dat ek seker nie so versigtig is soos ek behoort te wees nie. Ek reken die Engel sal my pootjie of so iets as ek te ver gaan.”
Hy het sy kop geskud en die plastiekbekertjie tussen sy groot hande verfrommel.
“Mense luister nooit regtig na my nie. Veral nie my familie nie.”
“Is dit so?”
“En dan is daar my naam. Iris. In die mitologie het dit ’n paar verskillende betekenisse gehad. Dienares van die hoëre gode is een. Of godin van die reënboog. Ek glo nie eintlik die laaste een nie, maar die eerste een is wel van toepassing. Ek is gedurig besig om ander mense te bedien. Maar dan is daar ook die blom. Het julle ook irisse in julle tuine?”
“Uh-huh,” het hy weer gesê en ’n sigaret uit sy baadjiesak geskud. Hy was kennelik nie verwant aan die bestuurder wat my en Joe by die park afgelaai het nie.
“Hulle blom net een keer per jaar,” het ek hom herinner.
“En dis miskien ook een van die redes waarom ek nie altyd nee sê as ek dit behoort te doen nie. Ek glo al sedert my skooldae dat ek, soos my botaniese naamgenoot, die een of ander tyd moet blom en dat ek dus te alle tye gereed moet wees en nooit ’n nuwe aanbod van die hand mag wys of ’n potensieel opwindende situasie onbenut mag laat nie. Verstaan jy dit?”
“Hel,” het hy gesê. “My suster het nog nooit aan hierdie goed gedink nie. Iris is haar naam. Dis al. Toeval, dis wat dit is. My ander suster is Daisy.”
Ek het dankbaar aan die skroeiend warm koffie gesluk. “En is sy soos ’n daisy?”
Onthuts het hy die verkraakte koppie met ’n netjiese onderarmse gooi in die asblik laat val. “Hoe’s ’n daisy?”
“Fladderend, lig op die voete, koppie na die son.”

8.1 Waarom dink jy merk Iris juis Billy se “goeie tande” (reël 1) op? (1)

8.2 Uit die aangehaalde uittreksel is dit duidelik dat Iris in ’n fantasiewêreld leef.

Bewys die stelling deur ’n frase uit die uittreksel neer te skryf. (1)

8.3 Watter uiterlike handeling van Billy dui daarop dat hy nie vir Iris glo nie? (1)

8.4 Watter persepsie het Iris volgens reël 11 van die Engel? (1)

8.5 Gee ’n rede waarom ’n mens kan sê dat Billy vir Iris ook as ’n Engel optree? (1)

8.6 Watter TWEE tegnieke gebruik die skywer om Billy se groot hande in reël 12 te beklemtoon? (2)

8.7 Die roman begin met die woorde: "Niemand het nog ooit regtig na my geluister nie". In die uittreksel sê Iris "Mense luister nooit regtig na my nie. Veral nie my familie nie" (reël 14).

Uit bogenoemde aanhalings blyk een van Iris se probleme wat ook een van die temas van die roman is.

Wat word deur die aanhalings aangespreek? (1)

8.8 "Veral nie my familie nie" (reël 14).

In watter opsigte het die volgende familielede nie na Iris geluister nie?

8.8.1 Haar ma (1)

8.8.2 Haar pa (1)

8.9 "En dan is daar my naam, Iris" (reël 16).

8.9.1 Waarom is Iris se naam vir haar só belangrik? (1)

8.9.2 Hoe hou Iris se naam verband met die titel van die roman? (1)

8.10 Hoe verskil die volgende karakters se mening oor 'n naam met dié van Iris?

8.10.1 Billy (Gee EEN feit.) (1)

8.10.2 Peter (Gee TWEE feite.) (2)

8.10.3 Die Engel (Gee TWEE feite.) (2)

8.11 "Hy was kennelik nie verwant aan die bestuurder wat my en Joe by die park afgelaai het nie" (reël 22 – 24).

Hoe verskil dié bestuurder van Billy? Noem TWEE verskille. (2)

8.12 "… en nooit 'n nuwe aanbod van die hand mag wys of 'n potensieel opwindende situasie onbenut mag laat nie" (reël 29 – 31).

Waarom is Iris se woorde hier ironies? Noem TWEE feite. (2)

8.13 Iris is die verteller in die roman.

Waarom is dit funksioneel dat sy as die ek-verteller optree? Noem TWEE funksies. (2)

8.14 Noem EEN ruimte waarna in hierdie teks verwys word. (1)

8.15 Watter karakteriseringstegniek word hoofsaaklik in hierdie fragment gebruik om Iris se karaktereienskappe uit te beeld? (1)

[25]

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Ouma Essie en Grace demonstreer praktiese geloof en tree telkens as versoeners tussen groepe op en bewerkstellig so wedersydse begrip.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde. Dink in jou antwoord aan die volgende:

- Ouma Essie se geloofsagtergrond
- Ouma Essie se geloofsuitlewing as tussenganger tussen Baas, die sendelinge en die khuta
- Grace se geloofsagtergrond en oortuiging
- Grace se geloofsuitlewing as versoener tussen kulture **[25]**

OF

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Baas dra Longwane terug afdak toe. Haar wond het oopgegaan. Borrels ligrooi bloed vorm om die wond. Hy maak haar met die hondeketting aan een van die stutpale vas. Nanna kom met haar handdoek verby op pad na die badplek. Sy draai haar kop weg vir die baie bloed.
Ouma Essie is kortasem. Grace lei haar terug kamp toe. Sy vat die emmer en 'n lap om die bloed van die Datsun te gaan afwas. Die sendelinge se meubels wat nog op Baas se werf gestaan het, is klaar aangedra.
Ouma Essie maak pap in die groot pot. Op 'n klein vuurtjie langsaan roer sy telkens aan 'n ander pot. Baas was sy hande en sy arms. Sitali was ook sy hande en sy arms.
"Mister Chisupo henna shamba," sê meneer Johnnie vir Baas. Hy is bang vir meneer Baas, dis hoekom hy nie vir hom ook vinger wys nie, al gee meneer Baas nie eers vir hom 'n stukkie vleis nie. Miskien weet hy die krag wat in meneer Baas is, is groter as sy eie krag.

10.1 In reël 1 is dit duidelik dat Longwane seergekry het.

Hoe is sy beseer? (2)

10.2 Hoe het Longwane aan haar naam gekom? (2)

10.3 Lees weer reël 1.

10.3.1 Wie het Longwane se wond versorg? (2)

10.3.2 Hoe is dit gedoen? (2)

10.4 Watter eienskap van Nanna kan jy uit reël 3 en 4 aflei? (1)

10.5 Lees weer reël 5.

Waarom is dit funksioneel dat daar na ouma Essie se gesondheid verwys word? (1)

10.6 Lees weer reël 6 en 7.

10.6.1 Waarom het die sendelinge se meubels op Baas se werf gestaan? (1)

10.6.2 Waarheen en hoekom is die meubels verskuif? (2)

10.7 Kyk na Ouma Essie se uiterlike handeling in reël 8 – 9.

Wat weerspieël dit van haar karakter? (1)

10.8 Lees weer reël 9 en 10.

Beskryf presies wat die verhouding tussen Sitali en Baas is. (1)

10.9 Wie is Mister Chisupo na wie in reël 11 verwys word? (1)

10.10 Gee nog ’n ander naam wat meneer Chisupo ook genoem word. (1)

10.11 Lees weer reël 12 – 14.

10.11.1 Na watter persoon verwys meneer Johnie? (1)

10.11.2 Watter krag word aan hierdie persoon toegedig? (1)

10.11.3 Watter krag word in Baas geïmpliseer? (1)

10.12 ’n Verteller vertel hierdie verhaal.

10.12.1 Watter tipe verteller is in die uittreksel aan die woord? (1)

10.12.2 Noem EEN eienskap van so ’n tipe verteller. (1)

10.13 Gee TWEE bewyse uit die uittreksel dat die ruimte van die verhaal nie deel van ’n moderne omgewing is nie. (2)

10.14 Watter gebruik van die Lozi’s word in die uittreksel weerspieël? (1)
[25]

VRAAG 11: OPSTELVRAAG

VATMAAR – AHM Scholtz

Daar is ooreenstemmende manlike en vroulike karakters in *Vatmaar* op grond van die rolle wat hulle onderskeidelik speel.

Bespreek en evalueer hierdie stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde deur te verwys na die rol wat elk van die volgende karakters in die Vatmaar-nedersetting speel:

- Oom Chai
- Oupa Lewies
- Sus Bet
- Tant Wonnie **[25]**

OF

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

VATMAAR – AHM Scholtz

Lees onderstaande teks deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

By the way, van waar af kom julle twee vriendelike mense?

Van Daniëlskuil af, sê Bet, en Oom, my Flippus het nie baie geld nie. Net as jou prys billik is en ons dit kan bekostig, kan ons dalk besigheid doen.

Ek weet, sê Stoffel Jones, geld is diesdae baie skaars.
Op daardie oomblik kom 'n man bakhand nader. Wat wil jy hê? vra Stoffel Jones hom.

Ek soek werk, my Baas, enige soort werk, al kry ek ook net kos daarvoor. Ek het drie dae laas iets geëet. Asseblief, my Baas, net 'n tiekie vir brood. Ek sal die kar en pêre vir 'n stukkie brood skoonmaak, my Baas.

Loop, loop weg hier, loop, loop weg, jou sleg! Skree die kapkardrywer skierlik. Gaan na die witmense toe, of na jou kerk toe! – en hy swaai sy arms soos 'n mens wat 'n hond wegjaag.

Die man was nou net so gaaf met ons, en nou's hy skoon rasend, rooi in die gesig en die ene bewerasie, staan Bet en dink. Hy's bruin, ek wonder, het hy dalk sy haastige humeur van 'n wit ouer geërf?

12.1 Plaas die gebeure in die uittreksel binne die konteks van die roman. (1)

12.2 Beskryf Stoffel Jones se taalgebruik en sê dan watter afleiding die leser na aanleiding van sy taalgebruik oor sy herkoms kan maak. (2)

12.3 "Net as jou prys billik is en ons dit kan bekostig, kan ons dalk besigheid doen" (reël 2 – 3).

Watter besigheid wou Sus Bet en Oom Flip met Stoffel Jones doen? (1)

12.4 Lees weer Sus Bet se dialoog in reël 2 – 3.

Wat weerspieël dit omtrent haar karakter? (1)

12.5 "Ek soek werk, my Baas ..." (reël 7).

In die roman word aanspreekvorme soos "Baas" en "Miesies" gebruik.

12.5.1 Dink jy hierdie aanspreekvorme is gepas in die roman? (1)

12.5.2 Motiveer jou antwoord. (1)

12.6 Waarom sou Oom Flip hom kon vereenselwig met die manier waarop die bedelaar deur Stoffel Jones behandel is? (1)

12.7 Hoe word witmense in hierdie uittreksel gestereotipeer? (1)

EN

Sy het alleen en verlore voor die tronkhekke gestaan en haar kop van kant tot kant gedraai. Daar was niemand wat sy ken nie en sy het maar weer die lang pad Vatmaar toe te voet aangepak. Omdat die tronk aan die ander kant van die pan gesit het, moes sy 'n hele ekstra myl loop. Haar hande was deurgewas en gebrand van die bytsoda. In 'n erger toestand as ooit het sy haar ma se huis bereik.

Droefheid het die huis en die gesin oorval. Buiten vir 'n paar sagte woorde het niemand gepraat nie. Kaaitjie is bed toe gehelp en sy het dadelik aan die slaap geraak.

Tant Wonnie het gemeen die veertien dae sou eers die Dinsdag om wees en het vir Oom Flip gevra om Kaaitjie vir haar by die tronk te gaan haal.

Sus Bet het baie sleg gevoel oor die fout wat sy gemaak het. Sy het Tant Wonnie verskoning gevra. Bet, het Tant Wonnie gesê, dis nie jou fout nie, moet jou dit nie so ter harte neem nie.

Geen medisyne of huisraat kon Kaaitjie haar krag teruggee nie. Sy het die prys vir een of ander vorige verkeerde daad betaal – in hierdie lewe of in een of ander vorige lewe.

'n Ondraaglike liggaamlike pyn het nou oorgeneem by die marteling van verlange en hoop. En op die sewende dag het die pyne van 'n nuwe lewe begin. In die vroeë môre-ure is Nurse-sister Gous, die voedvrou, laat roep. Suzan was byna klaar met die baba se klere. Sy het fyn stekies met die hand gewerk omdat sy dit goed wou doen en so opgewonde was.

Kaaitjie was swak en uitgeput, met blou kringe onder haar oë. Saam met die geboortepyne het sy begin bloei. Die kind is bloedbevlek en met die helm gebore, 'n seun met 'n sterk stem.

12.8 Verduidelik kortliks waarom Kaaitjie in die tronk was. (1)

12.9 "In 'n erger toestand as ooit het sy haar ma se huis bereik" (reël 5 – 6).

Beskryf die omstandighede in die tronk wat aanleiding tot Kaaitjie se toestand gegee het. (2)

12.10 Waarna verwys "marteling van verlange en hoop" in reël 18 – 19? (1)

12.11 Verklaar die ironie in reël 19. (2)

12.12 12.12.1 Watter karaktertrek van Tant Wonnie blyk uit die uittreksel? (1)

12.12.2 Motiveer jou antwoord deur na die uittreksel te verwys. (1)

12.13 Watter poging het Sus Bet aangewend om Kaaitjie te red? (1)

12.14 Watter funksie het Nurse-sister Gous gewoonlik op Vatmaar verrig? (1)

12.15 "Suzan was byna klaar met die baba se klere" (reël 21).

Watter rol sou Suzan later in die baba se lewe speel? (1)

12.16 Kaaitjie is na die geboorte oorlede.

12.16.1 Waar in die begraafplaas is Kaaitjie begrawe? (1)

12.16.2 Wat is simbolies van die feit dat Kaaitjie juis op hierdie plek begrawe is? (2)

12.17 Lees die uittreksel weer vlugtig deur.

12.17.1 Watter soort verteller is in die uittreksel aan die woord? (1)

12.17.2 Noem EEN voordeel van hierdie soort verteller. (1)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die DRAMA wat julle in die klas behandel het.

VRAAG 13: OPSTELVRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Omdat die drama bedoel is om as 'n opvoering beleef te word, speel die RUIMTE 'n belangrike rol.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde. Dink in jou antwoord aan die volgende:

- Die Kaapse Vlakte as breë agtergrond
- Die township as spesifieke ruimte
- Die tronk as letterlike en figuurlike ruimte
- Die belewing van die ruimte deur die karakters **[25]**

OF

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Lees die onderstaande teks deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

CAVERNELIS: Blanchie ...
BLANCHIE (*huiwerend)*: Daddy?
CAVERNELIS: Map ... Jacobs ...
BLANCHIE: Daddy? ... Daddy mien ... Johnnie ...
CAVERNELIS (*nog starend)*: Map Jacobs ...
BLANCHIE: Hoe ... mien Daddy ... Johnnie ...
CAVERNELIS (*hard)*: Map!
BLANCHIE (*ook hard)*: Nee! Nie Map nie! ... Johnnie ...
CAVERNELIS: Maar Blanchie ... kind ... het jy gehoor, het jy dan nie gehoor, wat gebeur het ... Blanchie?...
BLANCHIE: Maar ... Daddy ... (*Dan huil sy.*) ... Is nie soes Johnnie nie ... is nie ...
CAVERNELIS: Bly stil!
BLANCHIE (*ken haar pa nie só teenoor haar nie)*: Daddy! *Stilte.*
CAVERNELIS: Ek is ... jammer ... Blanchie ... Maar ... Dis hy ...
BLANCHIE: Daddy! ... Ag, Here, Daddy ...
CAVERNELIS (*stukkend)*: Hy's 'n ... misdadige ...
BLANCHIE: Nee! Dis ... dis 'n lieg! ...
CAVERNELIS: Ja! (*Van sy wysie af.*) Ja! Ja!! Ja!! Jaa!!
BLANCHIE: O Here God, wat het gebeur!? Daddy ...
CAVERNELIS: Jy moet nou weg van hom af ... weg, weg, wég van hom af ...

14.1 Cavernelis verwys na Map Jacobs met wisselende emosie in reël 1 tot 7.

Waardeur word hierdie wisselende emosie veroorsaak? (2)

14.2 Cavernelis praat van Map, terwyl Blanchie na hom wil verwys as Johnnie.

Wat dui die dubbele naamgewing aan? (2)

14.3 Hoe het Johnnie aan die naam Map gekom en wat beteken dit vir hom? (2)

14.4 Cavernelis vra Blanchie of sy dan nie gehoor het wat gebeur het nie.

Sê in TWEE sinne wat gebeur het. (2)

14.5 Blanchie verdedig Map en sê dat dit nie is hoe hy is nie.

Gee TWEE redes waarom sy tot 'n mate reg is. (2)

14.6 Cavernelis sê Map is 'n misdadiger.

14.6.1 Hoe word hy vir sy misdaad gestraf? (1)

14.6.2 Sê wat sy vonnisoplegging is en hoe hy dit uitdien. (1)

14.7 Lees weer die neweteks in reël 13.

14.7.1 Wat is die verhouding tussen Blanchie en haar pa? (1)

14.7.2 Motiveer jou antwoord. (1)

14.8 Cavernelis sê in reël 20 dat Blanchie weg moet bly van Map af. Hy wil haar dus beskerm.

Hoekom is dit ironies? (2)

14.9 14.9.1 Gehoorsaam Blanchie Cavernelis se opdrag in reël 20? (1)

14.9.2 Motiveer jou antwoord. (1)

14.10 14.10.1 Cavernelis tree reg op deur Blanchie te beveel om weg te bly van Map? (1)

14.10.2 Motiveer jou antwoord. (1)

14.11 Kyk na Blanchie se taalgebruik in die uittreksel.

14.11.1 Gee 'n voorbeeld van taalgebruik wat as tipies Kaaps beskou kan word. (1)

14.11.2 Waarom is die taalgebruik funksioneel? (1)

14.11.3 Waarom is dit ironies? (1)

14.12 Verduidelik waarom die gebruik van die volgende in die uittreksel funksioneel is:

14.12.1 Ellips (1)

14.12.2 Herhaling (1)
[25]

OF

VRAAG 15: OPSTELVRAAG

MIS – R de Wet

Skryf 'n opstel van 400 – 450 woorde waarin jy die ooreenkomste en verskille tussen die karakters Gertie en Meisie ontleed. Verwys na die volgende:

- Hul uiterlike voorkoms
- Hul karaktereienskappe
- Hul reaksie op Miem
- Die invloed wat die konstabel op elkeen uitoefen
- Hoe die blommotief op elkeen van toepassing is
- Hul rolle ten opsigte van die temas van beswering en bevryding **[25]**

OF

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

MIS – R de Wet

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae.

MEISIE: Dankie. As dit vol is, is dit baie swaar. As jy een kant vat, dan vat ek die ander kant.
KONSTABEL: Dis goed so.
MEISIE (*bly*): En as ons baie gesels, dan hoef ons nie die musiek te hoor nie.
Die KONSTABEL staan op. MEISIE neem sy arm en lei hom na die emmer.
Sy sit sy hand op die handvatsel.
MIEM: Dit is gaaf van u, Konstabel.
MEISIE en die KONSTABEL beweeg met die slopemmer na die agterdeur.
Van die inhoud spat uit.
MIEM: Meisie, sê vir die konstabel van die drie trappe op na die kleinhuisie.
MEISIE: Ja, Ma. (*Maak die deur oop)*
Die sirkusmusiek kan gehoor word. MEISIE en die KONSTABEL na buite.
MIEM (*trap versigtig oor die spatsel, gaan staan by die deur en kyk agterna*): En moenie op die flappe trap nie. Hulle word vanjaar so mooi. (*Sag aan GERTIE)* Die tweetjies kom nogal goed klaar.
GERTIE gaan sit op die stoel langs die stoof.
MIEM: Dit is baie koud. Vannag kan dit nog ryp. (*Kort stilte*) Die aaklige musiek! As ek net dink ... (*gril*) glo towenaars en halfkaal mense wat aan toue swaai.

GERTIE: En die spul was nog vanmôre deur die strate ook.
MIEM: En het jy gekyk?
GERTIE: Wat anders kon ek maak? Ek wou net die straat oorsteek toe kom hulle verby.
MIEM: Dit was seker 'n spektakel!
GERTIE: Daar was perde met pluime en vrouens met baie min klere aan op die perde. Daar was narre wat hard op vals trompette gespeel het en 'n klein dwergie met 'n wit gesig ...
MIEM: Hou tog op. Ek wil nie verder hoor nie. *(Sy sug en skud haar kop. Sy kyk weer uit. Stilte)*
GERTIE: Waar bly hulle! Kan jy iets sien?
MIEM: (*byna teer*): Ja. Onder die perskeboom. Hulle praat met mekaar.
GERTIE: (*vinnig op*): Laat ek sien. (*Beweeg na die deur*)
MIEM: Pasop. Daar is 'n spatsel!
GERTIE spring oor die spatsel.
GERTIE (*loer uit*): Vir wat fluister hulle so? En staan so dig teen mekaar.
MIEM: Daar's niks mee verkeerd nie. Hy is 'n gawe jong man.
GERTIE: Hy is veels te oud vir haar.
MIEM: Aag, nee wat, Gertie. So 'n paar in die twintig sou ek sê.
GERTIE: Ek is jammer, Miem, maar daar maak jy 'n fout. 'n Blinde mens lyk altyd jonger.
MIEM: Praat tog sagter. Netnou hoor hy jou. Wie weet, miskien is sy ore so goed soos sy neus. Gertie! Moet net nie daarin trap nie. (*Kyk uit. Dromerig*) As sy trou, sal hy afkom. Hy sal net moet. Hy sal beskaamd wees as sy dogter weggegee word deur 'n ander man.
GERTIE (*skielik skel en hard*): Kom in, julle twee! Julle wil nie koue vat nie!

16.1 Waarvoor bedank Meisie die konstabel? (1)

16.2 "As jy een kant vat ... " (reël 1)

Wat kan 'n mens aflei uit die manier waarop Meisie die konstabel aanspreek? (1)

16.3 Die drama is in die verlede gesitueer.

Verduidelik hierdie stelling deur na TWEE kontekstuele faktore in reël 10 – 19 te verwys. (3)

16.4 Lees weer die neweteks in reël 8.

Verduidelik waarom die agterdeur binne die konteks van die ruimte van die drama so belangrik is. (2)

16.5 Lees weer die neweteks in reël 12.

16.5.1 Wat was Miem se houding teenoor sirkusmusiek? (1)

16.5.2 Watter ruimte word deur die sirkusmusiek aangedui? (1)

16.5.3 Toon kortliks aan hoe hierdie ruimte (die antwoord op VRAAG 16.5.2) verskil van die ruimte waar Miem haar bevind. (2)

16.6 Lees weer reël 13 en 14.

16.6.1 Skryf TWEE woorde uit hierdie reëls neer wat in kontras met mekaar staan. (2)

16.6.2 Die woord "*flappe*" (reël 14) verwys na blomme.

Wat is die simboliek van die deurlopende verwysings na blomme in die drama? (2)

16.7 Watter begeerte van Miem word deur reël 15 en die neweteks in reël 31 geïmpliseer? (1)

16.8 Lees weer reël 21 – 23, 28 en 36 – 44.

Vergelyk nou Miem en Gertie se karakters aan die hand van hul dialoog. (2)

16.9 "Waar bly hulle! Kan jy iets sien? " (reël 30)

16.9.1 Wat is die werklike rede agter Gertie se vraag oor waar Meisie en die kontabel is? (1)

16.9.2 Verklaar die ironie in Gertie se vraag aan Miem: "Kan jy iets sien? " (2)

16.10 "... miskien is sy ore so goed soos sy neus" (reël 41 – 42).

Na watter episode, wat vroeër daardie aand plaasgevind het, verwys Miem hier? (2)

16.11 "As sy trou, sal hy afkom" (reël 43).

16.11.1 Na wie verwys "*hy*" in hierdie reël? (1)

16.11.2 Wat was die oorsaak van die feit dat die "*hy*" nie wil afkom nie? (1)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou